

Dinsdag 6 Julie

Skrifgedeelte: Jona 1:1-16

Fokusverse: Jona 1:5a, 10a, 16

Onsag vir God dring ons tot aanbidding

Toe die storm rondom die seevaardige matrose so erg raak dat hulle besef hulle kan enige oomblik sink en doodgaan, het hulle bang geword. Bang vir die geweld van die natuur waaroor hulle geen beheer kon uitoefen nie. Omdat hulle self niks aan die situasie kan doen, roep hulle wanhopig en uit vrees na hulle afgode.

Maar tussen die chaos en angs en vrees wat hulle ervaar, gebeur daar iets baie ongewoons in hulle midde. Daar tussen hulle is 'n man wat oënskynlik glad nie bang is nie en selfs slaap dwarsdeur alles! Toe Jona vertel wie hy is en dat Hy die ware God aanbid wat aarde en hemel gemaak het, word hulle nog meer bang. Hulle besef iets is anders aan hierdie God as al hulle afgode. Hierdie man is nie bang vir wat besig is om te gebeur nie, selfs al wéét hy dis sý God wat hierdie storm laat woed. Hulle is nou nie net bang dat die skip gaan vergaan nie, maar ook bang vir die mag van hierdie God.

Steeds wanhopig en vreesagtig bid hulle nou ook tot die God van Jona (vs 14). Eers toe hulle uiteindelik vir Jona in die see gooi en die storm bedaar, besef hulle egter dat hierdie Here waarlik God is wat land en see gemaak het. En dan lees ons dat hulle *baie* bang geword het vir die Here, en hierdie onsag vir God dring hulle om Hom waarlik te aanbid met offers en geloftes.

Wanneer iemand waarlik die grootheid van God se verlossingswerk deur Christus hoor, en dit deur die leiding van die Heilige Gees begryp en glo, vul dit hulle met 'n onsag vir God – onsag wat oorgaan in aanbidding en daed; onsag wat jou rustig maak, selfs te midde van storms in jou lewe.

Sing: Psalm 68-1:9

Ds. J Dunn (Johan) (Mariental-Keetmanshoop)